

# Hou jou aantekeninge volledig by

Die volledige byhou van aantekeninge is allerbelangrik. Hoe meer inligting jy oor diere het, hoe beter kan jy seleksiebesluite neem.



Mnr. Llewellyn (links) en Gareth Angus se Wisp-Will-stoeterye is die afgelope vyf jaar wenners van die Breedplan/BKB Volledigheid van Prestasie-eerbewys. Hul Simmentalers het 'n 5-stergradering en die Simbras het 'n 4,5-stergradering. FOTO: VERSKAF



Só lyk Breedplan se erbeewys vir volledigheid van prestasie.

**A**s 'n mens totale toetsing by beeste toepas, dus alle wegings en metings van alle diere op spesifieke ouderdomstye oor jare doen, word 'n magdom inligting verwerk in beraamde teelwaardes. Die akkuraatheid daarvan verhoog met verloop van tyd.

Eienskappe, soos die verskillende diere se geboortegewig en -gemak, speengewig, 'n skede of naelvelpunt, gewig op 400 dae en skrotumomvang, gewig op 600 dae, volwasse koeie se gewig, heuphoogte en kalwers se kondisietelling met speentyd word gemeet en kry 'n punt.

Dekdata word ook ingewin om 'n teelwaarde vir die aantal dae van dektyd tot geboorte te kry. Dit, saam met skrotumomvang, verskaf 'n beraamde teelwaarde vir vrugbaarheid. Jong bulle word aan 'n toets onderwerp om hul netto voeriname te bepaal om 'n teelwaarde vir voerdoeltreffendheid te bepaal.

Terselfdertyd word haarmonsters van kuddes geneem wat aan die vleisbeesgenomikaprogram

deelneem sodat DNS-profiel saamgestel en die teenwoordigheid van merkergene vir sekere eienskappe nagespeur kan word.

Uiteindelik sal saamgestelde teelwaardes beskikbaar wees. Dit sal diere se genoom of genetiese samestelling kombineer met hul teelwaardes, wat van die bogenoemde wegings en metings verkry word. Met dié samevoeging sal die akkuraatheid van teelwaardes drasties verhoog.

## BREEDPLANSTELSEL

Hoe kan hierdie magdom inligting gebruik word om die "beste" dier vir 'n spesifieke boerderystelsel te bepaal?

Die Breedplanstelsel gee sekere gewigte aan sekere eienskappe om by hul saamgestelde randwaarde-teelwaardes uit te kom vir verskillende stelsels, soos selfvervangende voerkraal-randwaarde, terminale vaar-randwaarde en Namibiese grasgevoerde-dollarwaarde.

Só sal die teelwaarde vir diere se gewig op 400 dae 'n groot invloed op die selfvervangende voerkraal-randwaarde hê, as afgeronde diere geslag word as hulle sowat 'n jaar oud is. Die teelwaarde vir gewig op 600 dae sal weer 'n groot invloed op die Namibiese randwaarde hê, waar osse van die veld af op 24 maande tot 30 maande geslag word.

Uiteindelik word gekyk na die randwaarde wat die naaste aan 'n boerderystelsel pas en spesifiek na teelwaardes vir afsnypte, byvoorbeeld maklike geboorte en geboortegewig om seker te maak die kalwers oorleef voor hulle begin groei.

Só ook weet stoettelers en van die kommersiële telers wat hulle in hul kuddes nodig het; dit wil

sê waar hul swak punte lê. Dit kan 'n lae speengewig wees wat 'n teler sal noodsaak om 'n bul met 'n bogemiddelde teelwaarde vir gewig op 200 dae te koop.

## AKKURAAATHEID

Die boer moet altyd saam met die teelwaarde self na die akkuraatheid van teelwaardes kyk.

Neem byvoorbeeld die teelwaarde vir gewig op 200 dae of vir speengewig. 'n Akkuraatheid van 60% vir 'n teelwaarde vir gewig op 200 dae vir 'n twee jaar oue bul wat nog nie kalwers het nie, kan wel gebruik word met aankoopbesluite. Onthou egter dat die teelwaarde 'n ewekansige moontlikheid het om binne sekere perke op óf af te beweeg namate meer inligting bykom.

Sodra 'n bul byvoorbeeld tien kalwers en meer het, verhoog die akkuraatheid van sy teelwaardes aansienlik. Dan speel die nageslagkomponent die grootste rol en nie meer sy eie prestasie en uitgebreide familie om teelwaardes te bepaal nie.

## STERRE VIR PRESTASIE

Breedplan ken sterre vir volledigheid van prestasie (*completeness of performance*) toe aan telers volgens die hoeveelheid onverwerkte prestasiedata wat vir verwerking ingestuur word. Vyf sterre is die maksimum wat toegeken word.

Tans kom net 5% van die telers van al die Breedplanrasse vir 4,5- of 5-sterreerbywys in aanmerking. Enige teler wat ná 'n paar jaar van teling nie minstens drie sterre het nie, bring nie sy kant met die indien van prestasiedata nie en verbeur die kans om belangrike genetiese en ekonomiese inligting te bekom. Die ou gesegde is dus baie waar: Om te meet, is om te weet.

'n Hoë vlak van volledigheid van prestasie van enige stoetery is uiters belangrik om akkurate seleksiebesluite te kan neem.

Telers en kopers gebruik akkurate teelwaardes saam met visuele voorkoms en strukturele korrektheid om seleksiebesluite te neem om hul kuddes se winsgewendheid te verhoog. **LBW**